

## Tuks Joolfees maak jou reg vir groot dinge!

by Petronel Smit

Posted on 24 Januarie 2008



Pret, fondsinsameling, en nog meer pret! Dit is waaroor Jool gaan, en hierdie jaar is geen uitsondering nie. Die Tuks Joolfees het oor die jare een van die grootste gebeurtenisse op die universiteit se kalender geword, en dis als vir liefdadigheid. Joolweek skop af op Saterdag 2 Februarie met blink oë en aandrokke wanneer die nuwe Joolkoningin gekroon word. Op die 3de begin die vlotbou en die 5de takel die koshuise mekaar by LC de Villiers in 'n touch rugby toernooi. Die pret en plesier gaan op die 6de voort met drastoel in die oggend en Onderstepoort se bierfees die aand. Op Donderdagaand (7 Februarie) gaan die universiteit se verjaardagvieringe afskop met 'n kersligoptog en die aansteek van die eeufeesfakkel.

Die amptelike pret begin Vrydagaand by die Joolplaas voor Saterdag se groot Jool optog wanneer 'n kleurvolle klomp vlotte wat deur UP studente gebou is, die strate van Pretoria gaan oorneem. Die optog vertrek 18h00 Saterdag vanaf die universiteit se hoofhek in Lynnwoodweg, draai af in Universiteitsweg, volg die roete al die pad tot by Brooklyn sirkel en vat dan die pad na Hatfield Square toe. Hier gaan die einde van Jool Week gevier word in ware Tuks-styl met hope lewendige vermaak en 'n feestelike atmosfeer.

Vir meer inligting of om kaartjies vir die partytjies te koop, kontak André Vermeulen 082 554 9552 / 012 366 9800 of besoek [www.oppikoppi.co.za](http://www.oppikoppi.co.za).